

# BYBEL-MEDIA

Jou 2018-Bediensvennoot

Nuusbrief 2 / 2018

## **Bestuurder: Departement Ontwikkeling BM**

BM-Direksie het ds J S (Strydom) Bruwer in bogenoemde pos aangestel. By Bybel-Media is ons baie bly oor sy aanstelling en die personeel sien uit na sy koms hierheen.

Hy is tans leraar van Gordonsbaai-gemeente. Op die breër kerklike terrein het hy 'n leiersrol in Somerset-Wes se Ring vertolk. Sy rol in verskeie Sinodale Kommissies soos o.a. voorsitter van die Diensgroep: Gemeentebegeleiding, lid van die Sinodale Koördineringspan en trustee van die Predikante Pensioenfonds is sprekende voorbeelde van sy besondere dienslewering.

Strydom begin amptelik op 1 Maart werk by Bybel-Media in die plek van ds Hans Steyn wat op 31 Maart aftree.

## **Lees in die eerste Kerkbode van 2018 ...**

Die eerste Kerkbode van 2018 bring 'n verskeidenheid van nuus uit die kerk. Lees oor 'n nuwe speelplek vir kinders in 'n arm gemeenskap, oor 'n boer wat in sy werkers belê en die vrugte daarvan pluk, oor rockkonserte wat soos missionale eredienste is, en oor hoe die ramphulp aan Knysna nou oor 'n baie wyer front nood verlig.

Lees wat skryf ds Nelis Janse van Rensburg oor die Koninkryk van God in 2018, en van die lesse wat 'n jong sendeling tydens uitreike na Botswana geleer het.

Ds Henk Gous sê hoe hy dink die gesprek oor verhoudinge tussen mense van dieselfde geslag op 'n beter manier gevoer kan word en dr André Bartlett skryf oor 'n aangrypende skildery na aanleiding van die kindermoord in Betlehem.

Kerkbode: Met die nuwe toepassing (app) is die Kerkbode nog makliker toeganklik. Kerknuus is onmiddellik op lidmate se selfone beskikbaar. Saam met dié app is die e-Kerkbode ook per e-pos gratis beskikbaar. Teken in by [www.christians.kerkbode.co.za](http://www.christians.kerkbode.co.za)

## **Jongste publikasies:**

### **Jaarboek 2018 ...**

Die Jaarboek van die NG Kerk 2018 bestaan uit inligting oor sinodes, streeksinodes, ringe, gemeentes en predikante. Die Jaarboek dien al vir 168 jaar as 'n belangrike

# BYBEL-MEDIA

## Jou 2018-Bediensvennoot

verskaffer van inligting vir die NG Kerkfamilie. Dis gemik op predikante, kerkkantore en lidmate.

Prys: **R295.00** (BTW en posgeld in SA ingesluit). **Reeds beskikbaar** – skakel dadelik om jou bestelling te plaas!

Kyk op die webwerf [www.bybelmedia.org.za](http://www.bybelmedia.org.za) vir pryse van veelvoud-bestellings en die CD-formaat.

### Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: [bestel@bmedia.co.za](mailto:bestel@bmedia.co.za)
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: [www.bybelmedia.org.za](http://www.bybelmedia.org.za) , klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

Groete vanuit Wellington.

**Hans Steyn**

**Bybel-Media**

E-pos: [hans@bmedia.co.za](mailto:hans@bmedia.co.za)

Tel: 021 864 8223